

# HERBS

**No. 101**

**September 2011**

Hierdie geïllustreerde nuusbrief bied die jongste Hermanus Botaniese Vereniging se nuus en menings oor die fynbostoneel. Dit verskyn ook op ons webtuiste [www.fernkloof.com](http://www.fernkloof.com)



## HERMANUS BLOMME- EN EKOTENTONSTELLING

By Fernkloof

**DONDERDAG 22 tot 25 SEPTEMBER**

**09:00 tot 17:00 (Sondag 9 – 15:00)**

**Tee en Middagetes**

**Ekotent**

**Plantverkope**

### WOUD EN BLOMME BY DIE BLOM-EN-EKOSKOU

Blomme sal by hierdie jaar se Blom-en-ekoskou met 'n baba-woud gekombineer word. 2011 is die Internasionale Jaar vir Woude, dus sal Hermanus se landskapargitek, Riaan Maritz, heel toepaslik, 'n Afro-bergagtige toneel skep om ons bewus te maak van die kwesbaarheid van beide fynbos- en boombiome.

Die skou sal van Donderdag 22 September tot Sondag 25 September vanaf 09h00 tot 17h00 in die Fernkloof Natuurreservaat plaasvind. Toegang sal R30 wees; **leerders gratis**, en Donderdag 22 'n pensioentrekkers-toegif van R20.



**Kom geniet:**

**Blommeskou en vertoning van honderde spesimens uit ons omgewing;**

**Verkope van inheemse plante by die Fernkloof kwekery;**

**Heerlike tee en middagetes;**

**Eko-inligting, met dank aan Whalecoast Conservation (vroeër Overstrand Conservation Foundation)**

## Wat is 'n Afro-bergagtige Woud?



Alhoewel Fernkloof ongelooflik ryk is aan kus- en bergagtige plantspesies, waarvan 1 600 op sy 2000ha in hul natuurlike staat aangetref word, is slegs sowat 30 hiervan bome, uit 'n totaal van meer as 700 wat in Suid-Afrika voorkom. Hierdie boommensekappe, wat bekend staan as Afro-bergagtige Woude, word gewoonlik beperk tot klam, beskutte klowe wat beskerm word teen die brande wat periodiek deur die Fynbosbloom jaag.

'n Afro-bergagtige Woud is een van sewe biome (die hoogste vlak van plantgemeenskappe) wat in Suid-Afrika aangetref word. Dit strek in geïsoleerde kolle vanaf die Kaapse Skiereiland al langs die suidelike kusgebergtes ooswaarts tot by Knysna waar dit 60 000ha beslaan. Met 'n vereiste minimum reënval van ongeveer 800mm, groei hulle in Suid-Afrika gewoonlik op minder as 1000m bo seespieël.

Soos sy naam aandui, word 'n Afro-bergagtige Woud geassosieer met die hoë berge van Afrika, en klein woudeilandjies kom noordwaarts tot in Etiopië op hoë hoogtes voor. Dieselfde boomspesies wat in die kloof in Fernkloof groei, word ook in lande noordwaarts gesien.

**Geraldine Gardiner**  
Foto : Christine Wakfer

## SOEK SORGVULDIG NA HIERDIE SKAAM PROTEAS

Dit mag wees dat jy die grondvlak-skaamrosie nie sien nie tensy jy spesifiek daarvoor oplet. *Protea scabra*, 'n onopsigtelike grondprotea met skurwe, grof-met-aanraking, lang, spitsvormige blare, bring 'n klein blommetjie met roeskleurige skutblare en roomkleurige binnevlakke voort. Dit is sy fleurblomtyd in Julie/Augustus, drie jaar na die groot brand van 2008 langs Klipspringer, en jy kan sien hoe dit sommige van die reserwepaadjies ná onderhoudsmaneuvers in fraaie mildheid begrens.

Grondproteas soos *Protea scabra* en *Protea angustata* is goed aangepas om veldbrande te oorleef. Hulle het 'n uitgebreide ondergrondse stingelstelsel wat plek-plek trossies blare uitstoot, gevolg deur 'n enkel terminale blomknoppie. Veldbrande brand die blare weg, maar die ondergrondse stingels oorleef ongeskonde en loop weer na ses maande sterk uit, om twee tot drie jaar later in weelderige blomme uit te bars. Elke opvolgende jaar hierna verminder die blomme totdat 'n verouderingsfase bereik word en 'n volgende veldbrand nodig is.



*Protea scabra*



*Protea angustata*

*Protea scabra* is 200 jaar gelede deur dr William Roxburgh (in 1776 Assistent Sjirurg vir die Oos-Indiese Kompanjie by Madras en in 1793 Superintendent van die Calcutta Botanic Gardens) by Eersterivier ontdek terwyl hy op 'n jaar siekteverlof hier was.

Die kripties- versteekte *Protea angustata* (*angustata* = vernou, verwysend na die smal blaarspriete) is in Oktober 1801 deur James Niven in die 'verlate berge by Houwhoek' ontdek. Dit is blykbaar nooit in enige Europese versameling gekweek nie en is eers in ongeveer 1930 vir aanplanting in Kirstenbosch ingevoer.

Dit is yl versprei oor 'n 100 kilometer Suidwes-Kaapse kusgebied waar dit teen die suidelike voetheuwels van die kusgebergte groei en word as bedreig in die Rooilys van Suid-Afrikaanse Plante aangegee. Sy klein appelgroen blommetjie stel 'n suurdeegagtige reuk vry wanneer dit oopgaan en word deur knaagdiers bestuif. Maar ek sal aan julle 'n geheimpie onthul – daar is 'n klein, dog volmaakte lap van hierdie kostelike proteas net 50 meter van my huis af, wat met 'n klein, rooi lintjie versier is sodat hulle nie sommer net kan verdwyn nie!

Geraldine Gardiner  
Fotos : Christine Wakfer

## **DIE SPINNEKOPPE VAN FERNKLOOF is hoofsaaklik vriendelik!**

Min is tans bekend van die spinnekop-fauna van hierdie pragtige reservaat, maar dit kan 'n tuiste wees vir 'n ryk fauna aangesien slegs 'n paar ad hoc-kollekteer pogings 'n lys van 22 families en 50 spesies opgelewer het.

Spinnekoppe kan in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik die web- (of spinnerak) bewoners en die dwaalspinnekoppe.



Tuinwawielwebspinnekop Foto: Geoff Andrew



Krapspinnekop en sy prooi Foto: Jenny Fynn

Die webbewoners bou 'n web waarin hulle hul prooi vang, die bekendste webbewoners synde Araneidae (argiope sp.- tuinwawielwebspinnekoppe) en Nephilidae (goue wawielwebspinnekoppe). Hulle word geken aan hulle groot wawielwebbe en is daarom die bekendste omdat hulle bedags gesien word. Ander wawielwebspesies soos die harige veldspinnekoppe (Neoscona sp.) bou hul wawielwebbe snags en kruip bedags tussen plantblare weg. Ander web-tipes wat in die reservaat gevind is, is die doekwebspinnekoppe (Linyphiidae), die huisspinnekoppe (Theridiidae), plantmaaswebspinnekoppe (Dictynidae) en die grondmaaswebspinners (Phyxelididae).



Bobbejaanspinnekop Foto: Pat Miller

Die dwaalspinnekoppe gebruik nie sy om hulle prooi te vang nie, maar dwaal rond op die grondoppervlakte soos die wolfspinnekoppe (Lycosidae), donkersakspinnekoppe (Corinidae) en muisspinnekoppe.

'n Groot groep leef op plante, waarby ingesluit is die springspinnekoppe (Salticidae), die klein hardloopspinnekoppe (Phlodromidae) en die krapspinnekoppe (Thomisidae).

Die plantdwaalspinnekoppe, versmelt met die plante waarop hulle leef, die grasdwaalspinnekoppe het byvoorbeeld verlengde liggame, die basspinnekoppe lyk soos bas en die blomspinnekoppe is helder gekleur.

Spinnekoppe speel 'n belangrike rol in die natuur want hulle eet 'n verskeidenheid insekte, dikwels pessesies.

'n Lys spinnekopsesies wat in die Reservaat geïdentifiseer is, is by die Botsoc kantoor beskikbaar.

**Prof. Ansie Dippenaar-Schoeman** Spesialis-wetenskaplike van die Arachnologie-eenheid van die Landbounavorsingsraad in Pretoria.

## METALASIA (BLOMBOS) stel 'n heuninggeur vry en is droogtebestand

Metalasia vorm 'n deel van die Asteraceae-familie. Ses van hierdie spesies groei in die Fernkloofreservaat. Die drie rooskleurige blomplante is *Metalasia cymbifolia* wat op hoë hoogtes bo seespieël groei, *Metalasia erubescens* en *Metalasia seriphiifolia* wat voorkeur verleen aan die sanderige vlaktes. *Metalasia inversa* wat 'n wit blom dra, word slegs by Northcliff aangetref.

*Metalasia densa* en *Metalasia muricata* staan albei bekend as blombos - die algemeen gebruiklike naam - en word deur die inheemse-blomme-industrie vir buitelandse markte aangewend. Hierdie twee plante word algemeen in Fernkloof aangetref, dog dit is moeilik om hulle met die eerste oogopslag te onderskei aangesien hulle baie eenders is.



Beide is groot struike, tot drie meter hoog. *Metalasia densa* (fotos bo) groei in klipperige grond of sanderige vlaktes terwyl *Metalasia muricata* (fotos onder) langs die kranspaadjie in die kussand groei.

*Metalasia densa* het lansvormige blare, 2-15mm lank, wat verdraai en na onder geboë is met ondergeskikte klossies. *Metalasia muricata*, daarenteen, se naaldvormige blare is 2-9 mm lank, geklos met hakies aan die punte.

Die blomhoofde van talle skyfvormige blomhofies kom aan die punte van die takkies van beide spesies voor.



*Metalasia densa* dra trosse van 3-5 geblomde, skyfvormige blomhoofde met regop of selde gesplete skutblare. Die binne-skutblare is kroonblarig en wit, of somtyds bruinerig terwyl die buitenstes papieragtig en skerp gepunt is.

*Metalasia muricata* het 4-6 blommetjies wat los van mekaar is en stewig omvou word deur rye skutblare wat bruin van kleur is en redelik dik van tekstuur, stomp en effe kielvormig.

Bron: Hermanus to Stellenbosch S.A Veldblom Gids Nr.5  
Anne Bean en Amida Johns

Christine Wakfer

## LENTE MAAK SY OPWAGTING BY FERNKLOOF KWEKERY

Jack berig dat lente sy opwagting vroeg gemaak het, die swaels is hier en die plante begunstig ons met treffende kleure. Die tyd is ryp om aandag te skenk aan klimaatsverandering en beplanning vir 'n tuin wat droë omstandighede die hoof kan bied.

Fernkloof Kwekery sal xerofiliese (droëtuinuitleg) aanbied; beplan dus om die kwekery te besoek waar jy xerofiete (droogtebestande plante) teen billike pryse kan koop!

Besoek

### Die Fernkloof Kwekery by die Blomme-en Ekotoonstelling

22 September tot 25 September

Erikas, Proteas, Leucadendrons,  
Salies, Clivias en vele meer...

**moet dit nie misloop nie!!**

09:00 tot 17:00



## Herontdekking van *Oxalis levis*

CREW, die "Custodians of Rare and Endangered Wildflowers", het 'n nuwe vakansiedag op 16 Junie (Jeugdag) geproklameer, naamlik ook as Oxalisdag.

Die CREW-vrywilligers se sending was om van die 8 'Ernstig Bedreigde, Moontlik Uitgestorwe spesies van Oxalis' te herontdek.

Een koue, nat wintersoggend het hulle 'n terrein naby Malmesbury besoek waar hulle, tot hul grootste genoë, plante gevind het wat voldoen het aan die beskrywing van *Oxalis levis*. Hierdie plant was voorheen bekend net op grond van die tipe-versameling wat in 1933 deur T.M. Salter saamgestel is en vermoedelik uitgestorwe was.

Ongelukkig het die gure weer veroorsaak dat die blomme styf tóe gebly het! Die foto wys egter die plante wat in hul natuurlike habitat van seisoenale nat vlaktes van wit kleigrond, onder 'n dun laagie kwartsietagtige sand groei.

Ons sien uit daarna om in vol sonskyn foto's te neem van hierdie opwindende vonds!



Met dank aan Ismail Ebrahim, Projekbestuurder: CREW  
Foto: Rupert Koopman

## HET JY GEHOOR?

• Die Redakteur berig dat 81 spesies van blomdraende plante tot hede op die 7-11 grondgebied in Voëlklip geïdentifiseer is (uitsluitend restios en grasse). Vier spesies word in die Rooidatalys beskryf as Kwesbaar en een spesie as Afnemend (foto's onder). Die Omgewingsimpakraming wat vir voornemende ontwikkelaars uitgevoer is, beskryf die grondgebied as bossies en onbelangrike kus-grasland!



Geissorhiza tenella  
Kwesbaar



Ixia dubia  
Afnemend



Lachenalia peersii  
Kwesbaar



Lampranthus bicolor  
Kwesbaar

• Grant Forbes, Bestuurder van Fernkloof Natuurreservaat, berig dat 'n tender in Mei 2011 aan 'n plaaslike kontrakteur toegeken is om die 70km staproetes in die Reservaat skoon te maak. Tot hede is 'n paar paadjies skoongemaak, insluitend meeste van die voorkeur kleurkoderoetes. Die kontrak sluit ook die aanbring van waterkeerders in. Enige navrae moet aan Grant by telefoonnommer 028-313 8103 gerig word. Die einde van nat voete na 'n aangename stap op die berg....!

• Anina Lee, Voorsitter van die OCF (nou bedryf as Whale Coast Conservation), berig dat die OCF 'n milde skenking van R4m van die Lotto-fonds ontvang het! Die skenking maak dit vir die OCF moontlik om 'n Eko-sentrum te vestig wat sal dien as 'n hulpbron vir informasie en tegnologieë wat volhoubare lewenstyle bevorder asook vir omgewingsopvoeding in ons skole.

• As jy nog nie van die kripties-klinkende frase "xerofiliese tuinbou" gehoor het nie, sal jy sekerlik al meer daarvan kennis neem want dit is die nuwe lokwoord wat as frase dien om 'droë tuinbou' mee te beskryf.

• Die Amerikaanse Erika-kweker en president van die Amerikaanse Heidevereniging, Kara Lotz, het onlangs by die Fernklooftuine en Besoekersentrum aangedoen om na ons massavertoning te kyk. Dit was egter een klein plantjie wat die aandag getrek het en waarmee sy op haar omswerwing terug na die koue, nat klimaat van Washingtonstaat vertrek het - 'n "Gengold", 'n goue hibried van *Erica nana* en *Erica patersonii*.



• Verjaarsdagmeisie, Belle Barker, wat op 22 Augustus 86 geword het, wil graag almal bedank wat onlangs, na Lynda de Wet se interessante praatjie by die spesiale teeparty so vrygewig bygedra het tot die Fernklooftuinefonds.

• Die Fernklooftuine het 'n wonderlike uitstalling van ligpers en pers boegoes en "selagos" aangebied wat die lug gelaai het met hul reuke wanneer jy verby skuur! Die oranje en geel speldekussings blom tans en die *Erica caffra* - struik is gelaai met wit blommetjies! Die blou aristas maak knoppe, gevolg deur agapanthus in vele kleure.



## Ons sierlike geel *Sebaea* se verbintenis met 'n "Kabinet vol Seldsaamhede"!

Het jy geweet dat die genus *Sebaea* vernoem is na die apteker van Amsterdam, Albertus Seba (1665 - 1736)?

Albertus was ook 'n hartstogtelike versamelaar van diere, plante, insekte en enigiets seldsaams en sonderling in die natuurlike wêreld. In 1731 het hy opdrag gegee dat illustrasies van elke voorbeeld in sy versameling, van eksotiese plante tot opgestopte diere en voëls, slange, krokodille, insekte, skulpe en korale, en ander eienaardige kreature wat nou uitgestorwe is, gemaak word.

'n Katalogus van vier volumes met 446 gegraveerde plate, wat hy sy "Kabinet vol Seldsaamhede" genoem het, is in 1734

gepubliseer. Dit is nou een van die mees hoog aangeskrewe natuurlike geskiedenisboeke van alle tye.

'n Vroeë, volledige kopië van die oorspronklike is onlangs verkoop vir US\$460,000.00!

Seba het in 1717 sy versameling aan Tsaar Peter die Grote verkoop en dit word nou deur die Russiese Akademie vir Wetenskap in die 'Kunstkamer' - 'n gebou spesifiek daarvoor ontwerp - bewaar.

Fernkloof het 7 *Sebaea* spesies, waarvan die mees prominente die *Sebaea exacoides* (links bo) is, met sy helder geel stervormige blomme, wat op sanderige vlaktes en teen hange groei.

Dit blom tans. Maak dus 'n punt daarvan dat jy die plant soek om deur sy gevierde verbintenis met die verlede bekoor te word!

**Sandy Jenkin**

### DAGBOEKDATUMS

#### 22-25 September

Hermanus Blom –en Ekoskou

#### 18 November

Frank Tennick sal 'n geïllustreerde praatjie oor "Die Geologie van die Fernkloof Natuurresewaat" aanbied.

Fernkloof Saal 19:00

Baie dankie aan André van der Spuy vir die vertaling

Ons verwelkom enige bydraes tot/terugvoer op die nuusbrief.

**Fotografiese bydraes:** Anne Bean, Lee Burman, Sandy Jenkin, Rod Saunders, Christine Wakfer

**Redakteur:** Sandy Jenkin

**Redaksionele assistente:** Geraldine Gardiner, Christine Wakfer, Lee Burman

Hermanus Botaniese Vereniging

Privaatsak X16

Hermanus 7200

Tel: 028 313 0819

botsochermanus@telkomsa.net